**Skriflesing:** Levitikus 25:10-17 (2020 vertaling)
**Tema:** Vier hierdie jaar en elke jaar ‘n jubeljaar!

In Levitikus 25 en 27 lees ons van ‘n Sabbatsjaar(elke 7 jaar) en ‘n Jubel- of Hersteljaar (elke 50 jaar).
Waarom word ‘n Jubeljaar gevier?
‘n Jubeljaar begin by die Here. Ons lees in Levitikus 25:38: “Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het om aan julle die land Kanaän te gee, om vir julle 'n God te wees.” Die volk jubel omdat die Here hulle verlos het uit Egipte en ingelei het in die beloofde land.

Ook ons jubeljaar of eerder jubel lewe begin by die Here. Hy het ons uitgelei uit ons sondeslawerny. Ons bevind onsself in die beloofde land. Hy seën ons met ‘n nuwe lewe van oorvloed. Ons deel reeds, en sal eendag in volmaaktheid, deel in Sy ewige lewe. Ons jubel nie net elke 50 jaar nie, maar elke dag. Inderdaad, soos wat Louis Brittz sing, vir ons as verlostes is dit hierdie jaar en elke jaar ‘n jubeljaar.

Wat kenmerk ‘n jubeljaar of ‘n jubel lewe?
Ons lees in Levitikus 25 dertien maal en in Levitikus 27 vyf maal van ‘n jubeljaar. In hierdie twee hoofstukke is ‘n klomp voorskrifte wat beslis nie meer op ons van toepassing is nie. Maar hier is tog ‘n paar beginsels wat uitstaan.

In ‘n jubel lewe kom ons die Here se voorskrifte na en gehoorsaam sy bepalings. En daar is ‘n belofte daarby. As julle dit doen, sal julle sonder sorge in die land kan woon. (Lev 25:18)

In ‘n jubel lewe saam met die Here het ons rustye. Mens, dier en land rus tot eer van die Here. Ek dink ons is te besig, selfs wanneer ons tyd met die Here deurbring.
Die vierde gebod is baie duidelik oor rus. Ons moet, veral op Sondae, dink aan die oorwinning wat die Here oor ons sonde behaal het. Ons moet die dag heilig, met ander woorde, ons moet dit afsonder of uitsonderlik tot sy eer vier. En ons moet fisiek, geestelik en liggaamlik rus. Hy wat ons gemaak het, weet die beste hoe ons funksioneer. Hy weet dat ons so een dag van rus nodig het.

In Jesaja 30:15 lees ons ook van die belangrikheid van rus: “So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertroue hê.”

Ons sien in die tweede plek dat ons in ‘n jubel lewe fokus ons op ons naaste.
“Laat niemand dan sy naaste verdruk nie, en vrees jy jou God; want Ek is die Here julle God.” (Lev 25:17, Ou Vertaling)

Here het ons sondeskuld afgeskryf. Ons moet ook bereid wees om, daar waar ons dink ander ons te na gekomhet, hul skuld af te skryf. Dit sluit vir my aan by die verhaal wat Jesus vertel oor ons wat vergewe is, se plig om te vergewe. (Matt 18:21-35)
‘n Jubel lewe is om, soos die Here, onvoorwaardelik te kan vergewe.

In ‘n jubel lewe moet ons ook, soos die Here ons lei, bereid wees om besittiings of geld wat ander ons skuld, af te skryf.

Ons lees in Levitikus 25:35-36 in die Ou Vertaling: “En as jou broer by jou verarm en agterraak, moet jy hom ondersteun, soos 'n vreemdeling en bywoner, dat hy by jou kan lewe. Jy moenie rente of wins van hom neem nie, maar jy moet jou God vrees, dat jou broer by jou kan lewe.”

‘n Jubel lewe is ook ‘n lewe waarin ons hierdie vernielde aarde met eerbied behandel.
In Levitikus 25:23 lees ons: “Die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My.” Die natuur behoort aan die Here. Ek en jy is vreemdelinge en bywoners wat dit namens Hom moet bestuur.

En in die laaste plek dien ons in ‘n jubel lewe die Here met Sy besittings.
Ons lees die volgende in Levitikus 27: “[30] Enige tiende wat die grond lewer, uit die saad van die grond of uit die vrugte van bome, behoort aan die Here; dit is 'n heilige gawe aan die Here.”
“[32] En wat al die tiendes van beeste en kleinvee betref, elke tiende een wat onder die herderstaf deurgaan, is 'n heilige gawe aan die Here.”

Ons maak ‘n fout wanneer ons, ook op grond van hierdie verse, dink dat ‘n tiende van my tyd of my goed aan die Here behoort.
Die aarde en alles daarop behoort aan die Here. ‘n Jubel lewe is nie ‘n tiende vir die Here lewe nie. Alles wat ek is en het is deur die Here aan my geleen. Ek moet vir Hom alles gee wat Hy aan my leen. Ek moet gereeld bid dat Hy my lewe moet neem en dat dit meer en meer aan Hom gewy moet maak.

Ek sluit af en haal uit Louis Brittz lied: “Jubeljaar” aan. Is dit waar van jou lewe?

Ons kies die kruispad met 'n glimlag
Los gekoop, getuig ons van die kruiskrag
Jesus gee sy jubelgees, dat ons al meer soos Hy kan wees
Die grond waarop ons voete loop, sal bewe,
sal vrug dra want die Kruis kultuur bring lewe
Die jubeljaar belofte bly, skud jou kettings af, jy's vry

Kyk, kyk die Koning het gekom om te sê
Hy bring die jubeljaar
Daar’s hoop, hope hoop, ons kan maar droom
Daar's vreugde in die jubeljaar
Sing in 'n koor, dat die wesens dit op Mars kan hoor
Dans om die kruis, ek sê, dans om die kruis
Spring en skree dat die berge hardop antwoord gee
Jesus bring ons bymekaar,
Dis hierdie jaar en elke jaar, 'n jubel, jubel, jubel, 'n jubeljaar ...
Amen